
PIONEER®

GEMAAK OM TE GROEI™

# PIONEER **BROSJURE** 2022



# DIE **PIONEER** BELOFTE

Pioneer is verbind tot die verbetering van mense se lewens en lewensonderhoud. Ons primêre fokus op ons kliënte het vir ons 'n reputasie van betroubaarheid besorg.

Ons toewyding en verbintenis om oplossings te vind wat oesopbrengste kan help verbeter en die produktiwiteit van boere regoor die wêreld te verhoog, bly die hoeksteen van ons besigheid.

# LANDBOU

## TOT DIE MAG PIONEER

Pioneer is trots daarop om deel te wees van die landbouprosesse van duisende boere landwyd. Ons verstaan die groter rol wat ons speel. Ons benadering tot alles wat ons doen is gegrond in die oortuiging dat ons in landbou is vir die langtermyn. Hierdie jaar versterk ons ons benadering om jou, as boer en medewerker, in al jou landboubehoeftes by te staan.

## ONS DOEL

Om die lewens te verryk van diegene wat produseer en verbruik, en daardeur vooruitgang te verseker vir toekomstige generasies.

## ONS WAARDES

**Verryk Lewens**
Ons verbind ons daartoe om lewens en die land te verbeter

**Selfversekerd**
Ons is leiers wat selfversekerd optree

**Innoverend**
Ons innoveer sonder terughou

**Samewerkend**
Ons groei deur saam te werk

**Opreg**
Ons doen altyd wat reg is

**Leef Veilig**
Ons respekteer veiligheid en die omgewing in alles wat ons doen



# AGRONOMIE

## ONGEËWENAARDE AGRONOMIESE KUNDIGHEID OP DIE PLAAS AS BESIGHEID

Die Pioneer Agronomie span ondersteun die pogings wat deur die Pioneer kliënte voorsien word - om sodoende die beste moontlike bestuurspraktyke daar te stel, sodat die produktiwiteit op hul plase gemaksimaliseer word.

Die lede van die Agronomie span bring 'n wye verskeidenheid van agronomiese kundigheid, spesialiteite en ervaring bymekaar om die kliënte te ondersteun en raad te gee. By Pioneer is ons toegewyd besig om gewasbestuur te verbeter.

## ONS MISSIE IS OM DIE REGTE PRODUK OP DIE REGTE HEKTAAR TE PLAAS

**Tegnologie gefokus:** Die doel is om wetenskaplik te werk te gaan om die beste gewas te produseer op die mees konsekwente basis wat moontlik is in enige situasie. Ons het 'n diverse span, en elke Agronoom spesialiseer in 'n spesifieke gewas of in 'n spesifieke aspek van die gewasproduksie. Pioneer het Produkagronome wat spesifiek op die IMPACT™-proewe fokus - waaruit hulle voordurend nuwe produkte vrystel.

Die span se innoverende navorsing en data-analiseringsmetodes is gebaseer op navorsing oor plaasgrootte, wat ons in staat stel om uiteenlopende veranderlike faktore te bestuur wat 'n impak het op graanproduksie. Die nuutste navorsing en unieke digitale programme word gebruik om graanproduksie te verbeter en waarde vir die boer te toe te voeg - met Pioneer genetika.

Die Pioneer Agronomie span verbreed hul navorsingshorisonne en verskaf innoverende inligting om die boer met verrykte data te voorsien om ingeligte besluite regdeur die jaar te kan neem.

**Leiers in Presisietegnologie:** Die regte produk vir die regte hektaar kan aanbeveel word deur gebruik te maak van hierdie digitale tegnologie. Die Pioneer Agronomie span kan beter kultivaraanbevelings maak ten opsigte van genetikaplasing en regte populasie vir die spesifieke genetika. Daar kan ook planterpreskipsiekaarte geskryf word vir die Pioneer genetika om die hoogste potensiële opbrengs te lewer op die spesifieke grondpotensiaal. Sodoende kan die Pioneer kliënt sy opbrengste optimaliseer, effektiwiteit maksimaliseer en risiko's verminder.
Daardeur streef ons om voedselsekuriteit vir die toekoms te verseker deur middel van Pioneer genetika.

# PIONEER MAAK LANDBOU IN SUID-AFRIKA BETER

**Ons sal die produsent se primêre hulpbron word, met gespesialiseerde oplossings wat hul winste sal optimaliseer.**

Ons is deurentyd besig om ons agronomiese insigte op te dateer om so ons interne spanne en kliënte te leer en ten alle tye beste praktyke te verseker.

Mees vertroude adviseur

Beste gespesialiseerde oplossings

Regte produk regte hektaar

Vaardige verkoopspan

Gespesialiseerde kundigheid

Help kliënte beter besluite maak



**PRODUKTIWITEIT**

Prestasie voorspelbaarheid

Aanvraagbeplanning

Leef die handelsmerk

**INTERNE PROSESSE**

Praktiese kennis

Ken die besigheid

Ken die strategie

**KENNIS**



# SAADBEHANDELING

## TOT DIE MAG PIONEER

**'n Merk van versekering in saadbehandeling**
Jy kies 'n saadbehandelingspakket om 'n suksesvolle seisoen te verseker. Op sy beurt moet jy verseker voel dat daardie saadbehandeling na verwagting gaan presteer en goed sal saamwerk met die genetika wat jy plant.

**LumiGEN™-saadbehandeling is ontwerp, geverifieer en bewys om saam met Pioneer®-genetika** te werk, wat boere 'n hoër vlak van vertroue in hul saadbehandelingsopsies gee.

### Ontwerp vir ons genetika

Ons evalueer honderde produkkonsepkombinasies om die regte saadbehandelingsformulerings vir ons genetika te ontwikkel. Elke jaar bevestig ons daardie kombinasies in laboratoriums, kweekhuise en op boere se lande. Ons ontwikkelingsproses vir saadbehandeling maak jaarliks staat op 30 000 navorsingsperseel evaluasies.


### Geverifieer op ons genetika

LumiGEN™-saadbehandeling is gebaseer op meer as 100 jaar se kennis van gewasbeskerming, asook 'n begrip van wat produsente nodig het en hoe hulle boer. Ons saadbehandelingskombinasies word noukeurig geëvalueer by die Corteva Agriscience Centre of Seed Applied Technologies (CSAT) - 'n alles-in-een fasiliteit wat gedeeltelik laboratorium, toetssentrum en saadbehandelingsaanleg is. Hier word saadbehandelings hersien deur ons eksklusiewe ses-stap PASSER-proses te gebruik.

### Bewys om saam met ons genetika te werk

Deur ons Veldtoetsnetwerk word ons behandelde saad deur produsente geëvalueer. Dit gaan in die grond in met regte planters, onder werklike toestande. Op-die-plaas toetse word gekombineer met ons grootskaalse IMPACT™-toetsprogram, waar ons meer as 60 000 navorsingsperseel evaluasies elke jaar uitvoer. Hierdie toetse help om te verseker dat LumiGEN™-saadbehandeling werk, ongeag watter Pioneer®-handelsmerkbasters of -variëteite jy plant.

LumiGEN™ Seed Treatments



# BESKERMING

## TOT DIE MAG PIONEER

**Uitstekende beheer**
PowerCore™-eienskaptegnologie bied uitstekende beheer van bogrondse lepidoptera-plae.

Deur die veelvuldige metodes van aksie kombineer PowerCore™ drie gene wat belangrike mielieplae beheer, soos mieliestamruspe (*Busseola fusca*) en chilo-boorder (*Chilo partellus*) en is verdraagsaam teen onkruiddoder.

### Beskerming teen plae

PowerCore™ is 'n piramide van Bt-eienskappe wat drie proteïene kombineer om breëspektrumbeskerming teen bogrondse plae te lewer.

### Beskerm jou mielies

Die doeltreffendheid daarvan is gedemonstreer oor verskeie jare se proewe in groot mielieverbouingstreke.
Dit is 'n belangrike produk vir insekweerstandsbestuur (IWB).

### Tegnologie wat beskerm

PowerCore™-eienskaptegnologie verskaf konsekwente, uitstekende beheer van groot lepidoptera-plae van mielies en die veelvuldige metodes van aksie verseker ook dat die opbou van weerstand vertraag word.

POWERCORE™




# BIOTEGNOLOGIE GIDS 2022

## PIONEER® HANDELSMERKPRODUKTE

## RENTMEESTERSKAP-OORSIG

### 'N BOODSKAP OOR RENTMEESTERSKAP

Pioneer is verbind tot die verantwoordelike bestuur van al ons saadprodukte. Wanneer Pioneer 'n nuwe produk in die mark bekendstel, is ons toegewy aan die taak. Ons filosofie rakende produkrentmeesterskap behels die verantwoordelike bestuur van ons tegnologieë se lewensiklusse, in alle opsigte – van die aanvanklike navorsing tot die staking van produksie – vir die maksimum produkwaarde, -voordele en -lewensduur (Sien Figuur 1). Daarom, tot voordeel van alle belanghebbendes in die waardeketting (tegnologie-ontwikkelaar, produsente en verbruikers) vereis Pioneer dat alle produsente aan produk-spesifieke, binnelandse bioveiligheid regulasies, die Pioneer beleid en gewasbestuurstrategieë moet voldoen. In die Pioneer Tegnologiegebruiksooreenkoms (TGO) en Terme en Aankoopvoorwaardes stem produsente wat Pioneer® handelsmerkprodukte met sekere biotegnologiese eienskappe plant in om aan die rentmeesterskapvereistes wat in hierdie gids beskryf word, te voldoen.




*Figuur 1: Biotegnologie-produkbeheer vanaf navorsing totdat die produk gestaak word.*

Rentmeesterskap sluit die volgende in, sonder beperkings:

- Nakoming van gebruiksaanwysings op alle saad en etikette vir plaagdoders
- Saad moet geplant word met 'n gepaardgaande toevlugsoord van nie-biotegniese mieliesaad vir Insekweerstandsbestuur (IWB). Die toevlugsoord moet ten minste 5% van die mielies wees solank dit nie met 'n insekdoder vir die teikeninsekte behandel word nie, of ten minste 20% van die mielies as dit met 'n insekdoder vir die teikeninsekte behandel gaan word. (Sien Tabel 2 & Figuur 2 vir meer inligting)
- Nakoming van IWB-vereistes vertraag die ontwikkeling van insekweerstand teen geïnkorporeerde planttegnologie
- Vir gewasse of materiaal wat biotegnologie-eienskappe bevat (soos aangedui op Tabel 1), bevestig eienskapaanvaarding en voorgenome gebruike en bestemmings met graanhanteerders voor aflewering of die gebruik van daardie produkte op die plaas
- Geen uitvoere van saad of enige ander materiaal wat biotegnologiese-eienskappe bevat na lande waar die produk nie toegelaat of geregistreer word nie, insluitend deur 'n derde party
- Implementering van enige bykomende rentmeesterskapvereistes wat Pioneer nodig ag vir 'n spesifieke produk (bv. graan- of voergebruiksbeperkings en geografiese plantbeperkings)

### WAAROM IS RENTMEESTERSKAP BELANGRIK?

Behoorlike rentmeesterskap van produkte is belangrik omdat dit die volgende voordele vir produsente inhou:

- Dit verleen toegang tot kiemplasma en biotegnologiese eienskaptegnologie in Pioneer se saadprodukte, onderhewig aan die teken van die Tegnologie Gebruiksooreenkoms (TGO)
- Dit help met die beskerming van Bt-tegnologieë en help om die langtermyn volhoubare werking van hierdie tegnologieë te handhaaf
- Wanneer saadprodukte alleenlik vir die produksie van 'n enkele kommersiële gewas gebruik word, moedig dit die ontwikkeling van beter, hoër opbrengs kiemplasma, bykomende tegnologieë en innovasie aan, wat die verdere verbetering van landbouproduktiwiteit tot gevolg het

### ONS TOEWYDING AAN "EXCELLENCE THROUGH STEWARDSHIP®"

Pioneer is 'n lid van Excellence Through Stewardship® (ETS) en Pioneer® handelsmerkprodukte word gekommersialiseer in ooreenstemming met "ETS Product Launch Stewardship Guidance" en in instemming met die Pioneer-beleide rakende rentmeesterskap van daardie produkte. Gewasse en materiaal wat biotegnologiese eienskappe bevat, mag slegs uitgevoer word, of gebruik, verwerk of verkoop word in jurisdiksie-gebiede waar alle nodige regulatoriese goedkeurings vir hierdie gewasse en materiale toegestaan is. Dit is 'n oortreding van nasionale en internasionale wetgewing om materiale wat biotegnologiese eienskappe bevat, oor grense heen na jurisdiksie-gebiede waar die invoer van hierdie produkte nie toegelaat word nie, te verskuif. Produsente moet hierdie kwessies met hul aankopers of graanhandelaars bespreek om die aankoper of handelaar se posisie ten opsigte van die produkte wat aangekoop word, te bevestig. Excellence Through Stewardship® is 'n geregistreerde handelsmerk van die Excellence Through Stewardship. Vir meer inligting gaan na https://www.excellencethroughstewardship.org/.

## PIONEER TEGNOLOGIEGEBRUIKSOOREENKOMS (TGO)

Pioneer het 'n lang geskiedenis dat ons belê in intellektuele eiendom om produsente te voorsien van hoë-presterende variëteite en toonaangewende dienste in die bedryf. Ons volgehoue verbintenis tot produknavorsing lei tot handelsmerkprodukte wat konsekwent hoë opbrengspotensiaal lewer om 'n produsent te help om meer winsgewend te wees. Pioneer® is die vlagskip-saadhandelsmerk van Corteva Agriscience en gebruik patente en Plantverskeidenheidbeskerming wette (PVB) om ons belegging in gepatenteerde kiemplasma, inheemse en transgeniese eienskappe en teeltegnologieë te beskerm. PVB-wette gee telers eksklusiewe beheer oor plantvariëteite vir tot 20 jaar, wat Corteva Agriscience in staat stel om nuwe produkte na die mark te bring, ondersteun deur verbeterde tegnologie. Dit is belangrik om daarop te let dat Pioneer-produkaanbiedings, selfs al is dit nie biotegnologie nie, verskeie tipes intellektuele eiendomsbeskerming kan dra, soos gepatenteerde genetika, gepatenteerde teeltegnologieë, plantverskeidenheidbeskerming, gepatenteerde transgeniese eienskappe en gepatenteerde inheemse eienskappe, ingesluit by die terme en gebruiksvoorwaardes in die Pioneer TGO. Die aankoop van enige Corteva Agriscience-variëteit of eienskap geskied onder lisensie met sekere beperkings. Deur die saad te gebruik wat in verband met 'n Pioneer Tegnologie Gebruiksooreenkoms verskaf word, stem jy in tot die feit dat die saad - en tegnologie binne daardie saad - onderwerpe insluit wat besit word deur Corteva Agriscience, of gelisensieer is deur 'n derde party, wat beskerm word onder Amerikaanse intellektuele eiendomswette. Kragtens hierdie kontrak stem jy in tot 'n enkel-kommersiële aanplanting van die saad en stem in om nie jou saad uit te gooi of te stoor nie.

### Waarom word 'n TGO vereis?


- 'n TGO word vereis vir die aankoop van enige Pioneer® handelsmerk saad - alle gewasse, biotegnologie en nie-biotegnologie. Die TGO dien as 'n ooreenkoms tussen die kliënt en Pioneer wat demonstreer dat die kliënt verstaan en instem om alle lisensiebepalings, rentmeesterskap en toepaslike wetlike verantwoordelikhede wat verband hou met hul saadprodukte, te volg.

- Al bevat sommige produkte nie biotegnologie-eienskappe nie, beskerm die TGO die intellektuele eiendom wat met nie-biotegnologie produkte geassosieer word, soos kiemplasma en ander intellektuele kennis en patente.

- Die TGO verleen 'n beperkte lisensie aan die produsent om Pioneer® handelsmerk saad wat Corteva Agriscience verkrygde tegnologie bevat (insluitend kiemplasma, nie-biotegniese eienskappe en biotegnologie-eienskappe) te gebruik/plant en 'n enkele kommersiële gewas te produseer.

- Die TGO vereis dat produsente die toepaslike Produkgebruiksgids wat op die Pioneer webwerf en etikette (saad en onkruiddoder) verkry kan word, te gebruik en te volg.

- Die TGO verbied sekere aktiwiteite soos die stoor van saad of die gebruik van ongemagtigde onkruiddoders op onkruiddoderverdraagsame gewasse (waar van toepassing). Deur by jou Pioneer Tegnologiegebruiksooreenkoms te hou, help jy Pioneer om voort te gaan om te belê in vooruitgang in genetika en tegnologie wat nuwe navorsingsontdekkings na vore bring. Hierdie ontdekkings help jou uiteindelik om produksie te verhoog en nuwe plaag- en produksie-uitdagings die hoof te bied. Dit is van die uiterste belang en vereis deur biotegnologie wette en regulasies vir die verskaffer en koper wat van voorneme is om die tegnologie te gebruik, om 'n wettige ooreenkoms aan te gaan deur 'n TGO te onderteken.



Die Pioneer TGO laat boere toe om Pioneer® handelsmerk saad te koop en te plant wat sekere tegnologiese eienskappe bevat. So 'n ooreenkoms moet elke seisoen onderteken word en onmiddellik aan die Pioneer verkoopspersoon oorhandig word voordat saad uitgereik kan word.

Die TGO bepaal ook dat:

- Enige produsent wat nie 'n TGO onderteken het nie, moet Pioneer onmiddellik in kennis stel en reëlings tref om die TGO te onderteken of die saad aan die maatskappy terug te gee.

- Biotegnologie saadprodukte moet uitsluitlik gebruik word vir die aanplant van 'n enkele kommersiële gewas en mag nie uitgevoer word vir aanplanting in 'n ander land of aan enige ander persoon verskaf word vir aanplanting nie

- Enige aankope van biotegnologie-saadprodukte deur 'n produsent wat nie gemagtig is nie of nie ons gelisensieerde produsent is nie (d.w.s nie 'n TGO onderteken het nie) sal nietig wees.

## KWEEK VAN KONVENSIONELE EN BIOTEGNOLOGIESE GEWASSE

Veelvoudige landboustelsels bestaan reeds dekades lank suksesvol oor die wêreld saam – vanaf produksie en reg deur die voorsieningsketting heen. Met verloop van tyd is beste praktyke ontwikkel om dié verskillende landboukundige stelsels te fasiliteer en voortdurend te verbeter, sodat saad van 'n hoë suiwerheid en hoë gehalte graan beskikbaar is om handel in verskillende landboukundige stelsels te ondersteun.

Een voorbeeld van so 'n saambestaan is die produksie van soortgelyke kommoditeite baie na aan mekaar, soos geelmielies, suikermielies, witmielies en springmielies. Saambestaan-strategieë moet aan die markvereistes voldoen deur wetenskapgebaseerde bedryfstandaarde en bestuurspraktyke te gebruik. Dit moet ook buigsaam wees om opsies en keuses vir die produsente in die voedsel- en voervoorsieningsketting te fasiliteer. Hierdie buigsaamheid moet ook die vermoë van saambestaan-strategieë insluit om, na gelang van die veranderinge wat in produkte, markte of praktyke plaasvind, te verander.

Die volgehoue sukses van saambestaan-strategieë het afgehang van die samewerking, kommunikasie, buigsaamheid en wedersydse respek vir elke gewasstelsel en produsente wat die verskillende stelsels gebruik. Met verloop van tyd het produsente by verandering en vernuwing in die landbou aangepas deur van nuwe plaasbestuurspraktyke, nuwe tegnologieë en ander gepaste praktyke gebruik te maak. Dit is die plig van 'n produsent wat 'n gewas kweek om 'n spesifieke mark te bevredig, en om die beste praktyke te gebruik om aan daardie markstandaarde te voldoen. Deur te probeer om daardie mark te bevredig, stem die produsente inherent in om die toepaslike praktyke te gebruik, wat die integriteit en bemarkbaarheid van hul gewasse, in die mark waar hulle dit wil bemark, sal verseker. Dit bly van toepassing ongeag die spesifieke mark (witmielies, suikermielies, organies-verboude mielies, of konvensioneel-verboude mielies) wat bedien word. In elkeen van hierdie gevalle verbou die produsent 'n gewas wat deur 'n spesifieke markprys ondersteun word, en aanvaar hy die verantwoordelikheid om aan enige toepaslike markspesifikasies te voldoen ten einde die toepaslike premiumprys in daardie mark te ontvang. Alhoewel die verantwoordelikheid by die produsent berus wat die gewas vir 'n spesifieke mark verbou, is dit elke produsent se verantwoordelikheid om met sy of haar bure te kommunikeer en hulle te vergewis van hul buurprodusente se plantvoornemens ten einde die behoefte vir enige gepaste beste bestuurspraktyke te bepaal.

## IDENTITEITBEWAARDE (IB) GEWASSE

IB-gewasse is enige gewasse wat verbou word om aan gespesialiseerde eindgebruikmarkte te voldoen. Hierdie gewasse word verbou met 'n spesifieke eindgebruik in gedagte, soos onder andere wasagtige, wit- en organiese mielies, en moet aan die gedefinieerde vereistes van daardie mark voldoen. IB-gewasse hou voordele in vir beide die produsent, met betaalde aansporings, en die eindgebruiker. Produsente wat verkies om die identiteit van hul gewasse te bewaar ten einde die bykomende eindgebruikmarkwaarde te ontvang, aanvaar die verantwoordelikheid om te verseker dat hul gewasse aan die kontrakspesifikasies voldoen. Ten einde aan hierdie spesifikasies te voldoen, het die gespesialiseerde landbou-eindgebruikbedryf algemeen aanvaarbare IB-landboupraktyke ontwikkel om IB-produksie te bestuur, soos dit verder hieronder beskryf word. IB-produsente het derhalwe die verantwoordelikheid om enige prosesse wat nodig is om aan die gehalte-spesifikasies te voldoen, te implementeer. Die spesiale sorg wat vir IB-gewasproduksie nodig is, het gewoonlik 'n styging in produksiekoste tot gevolg, wat 'n toename in die waarde van die goedere wat verkoop word meebring.

## INSTANDHOUDING VAN DIE INTEGRITEIT VAN IB-GEWASSE

Ten einde die identiteit van IB-gewasse te bewaar, moet deeglike skoonmaakprosesse geïmplementeer word vóór en ná kontak met die IB-gewas. Dit kan die skoonmaak van areas in saadstoorhouers, planterbakke, vervoerwaens, oesmasjiene en stropers insluit. Deeglike skoonmaakprosesse moet tydens alle aspekte van die plantprosedure gehandhaaf word, en dit sluit stoor, vervoer, plant en oes in. Verder moet produsente van IB-gewasse stappe oorweeg om die moontlikheid van kruisbestuiwing te minimaliseer, gegewe die algemeen erkende en aanvaarde beweging van toevallige hoeveelhede stuifmeel. Soos voorheen genoem, is kommunikasie tussen produsente die sleutel in die bepaling van die beste landboubestuurspraktyke wat geïmplementeer moet word om die identiteit van die IB-gewasse in stand te hou.

## SAADBEHANDELING-RENTMEESTERSKAP

Saadbehandeling, insluitende swamdoders, onkruiddoders, aalwurm-doders en biologiese saadbehandelings, speel 'n kritieke rol in landbou en gesonde gewasproduksie. Dit dien nie slegs as hulpmiddel vir die bestuur van vroeëseisoen-plae en -siektes nie, maar ook as 'n lewensvatbare alternatief vir blaar- en grondtoedienings in sommige gevalle.

Saadbehandelingsbestuur en verantwoordelike rentmeesterskap speel 'n belangrike rol in omgewingsbewaring, terwyl dit gewasgesondheid verhoog. Verantwoordelike rentmeesterskap help om die integriteit van die saad en saadbehandeling te handhaaf. Dit hou die aktiewe bestanddeel op die saad, wat daartoe bydra om die maksimum gewasgesondheidsvoordeel op die belegging te verkry. Hierdie praktyke help ook om die potensiaal vir nadelige uitwerking op produsente en die omgewing te beperk, insluitende bestuiwers wat gedurende planttyd teenwoordig kan wees.

Die volgende beste bestuurspraktyke word voorgestel:

### HANTERING

- Lees en volg altyd die aanwysings en aanbevelings op die etiket vir die behoorlike hantering en gebruik van behandelde saad of saadbehandeling
- Maak van persoonlike beskermingstoerusting gebruik soos wat dit op die produk- of saadetiket aanbeveel word
- Volg alle veiligheidsvoorsorgmaatreëls soos wat dit op die produk- of saadetiket aangedui word
- Vervoer behandelde saad op 'n veilige manier en op 'n wyse wat die risiko van storting of stof bekamp

### AANPLANTING

- Volg altyd die aanbevelings van die plantervervaardiger en vermy die oortollige gebruik van talkpoeier of grafiet
- Verwyder plante en onkruid wat in- en om die lande blom, voor aanplanting
- Beperk die verspreiding van stof vanuit saadsakke wat behandelde saad bevat. Oorweeg byvoorbeeld faktore soos die windsnelheid en -rigting, en moenie die onderkant van die sak wat die behandelde saad bevat skud wanneer jy die planterbak vul nie
- Moenie behandelde saad langs aktiewe korwe, naby grense van landerye of aangrensende plante en plantegroei wat blom, oorgooi of oortap nie
- Tydens plant, wees bewus van die omgewing in en om jou landerye, en neem kennis van nabye korwe, plante en onkruid wat blom, wat bestuiwers kan lok en kommunikeer met byetelers waar moontlik
- By vakuumplanters moet die uitlaatklep gestel word om afwaarts te blaas
- Maak seker dat alle saad op 'n behoorlike plantdiepte geplant word of met die grond geïnkorporeer word

### VERNIETIGING EN OPRUIMING

- Volg nasionale en plaaslike regulasies vir die wegdoening of bergings van ongebruikte saad
- Vernietig ongebruikte behandelde saad, saadverpakking of -houers op die korrekte manier, in ooreenstemming met nasionale en plaaslike regulasies en die saadhouer-teruggeebeleid soos deur CropLife Suid-Afrika aangeraai word
- Maak die planttoerusting skoon op 'n wyse wat stof beperk
- Moenie die planttoerusting langs aktiewe korwe, naby grense van landerye of aangrensende plante en plantegroei wat blom, skoonmaak nie

## GIDS VIR DIE GEBRUIK VAN BIOTEGNOLOGIESE PRODUKTE

Hierdie gids bevat inligting vir behoorlike insekweerstandbestuur (IWB) vir Pioneer® handelsnaam mielieprodukte wat die Pioneer Insekbeskerming Tegnologieë bevat – ook bekend as die Biotegnologie Tegnologieë. Die Biotegnologie Tegnologieë sluit die volgende in:

Tabel 1: Die beskermende proteïene (insekbeskerming en onkruiddodertoleransie-eienskappe) en die genetiese materiaal wat nodig is vir die uitdrukking van beskermende proteïene word ingevolge die GMO-wet (Wet No. 15 van 1997) as veilig vir mense, diere en die omgewing goedgekeur. Die produkte word deur een of meer patentregte beskerm.

| PRODUKTE | PRODUKGEBRUIKSVERKLARING |
|---|---|
| Bt-tegnologie (mielieboorder-tegnologie) | Die produk Bt-tegnologie bevat die *cry1A(b)* geen verkry vanaf ***Bacillus thuringiensis var. kurstaki.*** Die *cry1A(b)*-proteïen wat in hierdie mielies geproduseer word, verskaf beheer van vatbare stronkboorders, ***Busseola fusca*** en ***Chilo partellus.*** |
| YieldGard® Maize 2 tegnologie (MON89034) | Die produk YieldGard® Maize 2-tegnologie bevat ***cry1A.105-*** en ***cry2Ab2***-gene van Bacillus thuringiensis var. kurstaki. *Cry1A.105-* en *Cry2Ab2*-proteïene wat in hierdie mielies geproduseer word, verskaf beheer van vatbare mieliestronkboorders, ***Busseola fusca*** en ***Chilo partellus.***<br><br>YieldGard® en die YieldGard®-logo-ontwerp is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. |
| Roundup Ready® Maize 2 tegnologie (NK603) | Die produk Roundup Ready® Maize 2 tegnologie bevat die ***cp4 epsps*** geen van ***Agrobacterium strain CP4.*** Roundup Ready® Maize 2-tegnologie produseer *CP4 EPSPS*-proteïen wat verdraagsaamheid bied teen geregistreerde glifosaatformulerings.<br><br>**WAARSKUWING:** Die Roundup Ready® geen sal hierdie baster SLEGS beskerm teen toedienings van goedgekeurde glifosaat produkte soos Roundup PowerMax® (L 6702), wanneer dit toegedien word teen gemerkte dosisse. Die Roundup Ready®-geen SAL NIE hierdie baster beskerm teen toedienings van ander onkruiddoders wat 'n ander onkruiddoderweerstandsgeen vereis nie. Lees en volg altyd die aanwysings op die etiket van onkruiddoders voor gebruik. Roundup Ready®, die Roundup Ready®-logo en Roundup PowerMax® is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. |
| Intrasect® insekbeskermingstegnologie (TC1507xMON810xNK603) | Hierdie saad bevat die Herculex® I Insekbeskermingsgeen wat 'n ***Bacillus thuringiensis*** (Bt) ***Cry1F*** proteïen produseer en bevat ook die Bt eienskap tegnologie wat 'n Bt ***Cry1Ab*** proteïen produseer wat beskerming bied teen vatbare mielieboorders ***Busseola fusca*** en ***Chilo partellus***. Produkreaksies kan verskil volgens ligging, plaagbevolking, omgewingstoestande en landboupraktyke. Hierdie produk bevat ook die Roundup Ready® Maize 2 tegnologie met geen ***cp4 epsps*** van ***Agrobacterium stam CP4***. Die ***CP4 EPSPS***-proteïen bied verdraagsaamheid teenoor geregistreerde glifosaatformulerings. Hierdie produk word deur een of meer patentregte beskerm. Roundup Ready® Maize 2 tegnologie bied verdraagsaamheid teenoor geregistreerde glifosaatformulerings.<br><br>**WAARSKUWING:** Die Roundup Ready®-geen sal hierdie baster SLEGS beskerm teen toedienings van goedgekeurde glifosaatprodukte soos Roundup PowerMax® (L 6702), wanneer dit toegedien word teen gemerkte aanbevole dosisse. Die Roundup Ready®-geen SAL NIE hierdie baster beskerm teen toedienings van ander onkruiddoders wat 'n ander onkruiddoderweerstandsgeen vereis nie. Lees en volg altyd die aanwysings op die etiket van onkruiddoders voor gebruik. **TOEVALLIGE TOEDIENINGE VAN TEENSTRYDIGE ONKRUIDDODERS OP HIERDIE BASTER KAN TOT TOTALE OESVERLIES LEI.** Roundup Ready® en Roundup PowerMax® is geregistreerde handelsmerke wat onder lisensie van Monsanto Technology LLC gebruik word. |
| PowerCore™-tegnologie (MON89034xTC1507xNK603) | Die saad in hierdie sak bevat PowerCore™-tegnologie, wat die aktiewe bestanddele ***Cry1A.105***, ***Cry2Ab2***, en ***Cry1F*** bevat, proteïene van ***Bacillus thuringiensis*** (Bt) wat goeie beheer oor chilo-stronkboorder (***Chilo partellus***) en die mieliestamruspe (***Busseola fusca***). Boonop bevat hierdie saad Roundup Ready® Maize 2 tegnologie wat verdraagsaamheid bied teen geregistreerde glifosaat-gebaseerde onkruiddoders. Produkreaksies kan verskil volgens ligging, plaagbevolking, omgewingstoestande en landboupraktyke. Hierdie produk word deur een of meer patentregte beskerm. PowerCore™ veelvoudige-eienskap tegnologie is ontwikkel deur Corteva Agriscience en Monsanto. PowerCore™ is 'n handelsmerk van Monsanto Technology LLC.<br>Roundup Ready® Maize 2 is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto LLC.<br><br>Lees en volg altyd die aanwysings op die etiket van onkruiddoders voor gebruik. Alle onkruiddoders wat saam met hierdie produk gebruik word, moet behoorlik by die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling geregistreer wees ingevolge die Wet op Kunsmis, Plaasvoere, Landboumiddels en Veemiddels No. 36 van 1947 (soos gewysig) en gebruik word iooreenkomstig met onkruiddoder geregistreerde etiket en aanbevelings en alle ander toepaslike wette.<br>**WAARSKUWING:** Die Roundup Ready® geen sal hierdie baster SLEGS beskerm teen toedienings van goedgekeurde glifosaat produkte soos Roundup PowerMax® (L 6702), wanneer dit toegedien word teen gemerkte dosisse. Die Roundup Ready®-geen SAL NIE hierdie baster beskerm teen toedienings van ander onkruiddoders wat 'n ander onkruiddoderweerstandsgeen vereis nie. Lees en volg altyd die aanwysings op die etiket van onkruiddoders voor gebruik.<br>**TOEVALLIGE TOEDIENINGE VAN TEENSTRYDIGE ONKRUIDDODERS OP HIERDIE BASTER KAN TOT TOTALE OESVERLIES LEI.** |

Verdere inligting sluit in die behoorlike bestuur van onkruiddoder-verdraagsame gewasse vir Pioneer®-handelsmerk mielies met die Intrasect® Insekbeskerming, PowerCore™ tegnologie en YieldGard® Maize 2 tegnologie wat die Roundup Ready® Maize 2 tegnologie en Pioneer® handelsmerk sojaboon variëteite bevat wat Glifosaat Tolerante tegnologie bevat.

**BELANGRIK – LEES VOOR AANPLANTING**

**WAT IS PIONEER INSEKBESKERMING TEGNOLOGIEË?**

Pioneer insekbeskerming tegnologieë en/of Pioneer Biotegnologie Eienskappe laat boere toe om Pioneer® handelsnaam mielieprodukte met ingeboude beskerming teen verskeie belangrike mielie stamboorder-insekplae, aan te plant. Pioneer® handelsnaam mieliebasters met die insekbeskerming tegnologie bied beskerming teen vatbare *Busseola fusca* (mieliestamruspe) en *Chilo partellus* (chilo-boorder).

Nota: In die res van die dokument sal daar deurlopend en kollektief na al hierdie insekte as 'stronkboorders' verwys word.

**EFFEKTIWITEIT VAN PIONEER® HANDELSMERK MIELIEBASTERS MET BIOTEGNOLOGIE INSEKBESKERMING TEGNOLOGIE**

**STRONKBOORDERTEGNOLOGIE**

Die *Busseola*-stronkboorder is baie moeilik om te beheer. Neem asseblief kennis dat die bevolkingsdruk van stronkboorders normaalweg tydens die reproduktiewe fase van die plant (vensterperiode – VT- tot R1-stadia) baie hoër is vergeleke met die eerstegenerasie larwes wat die plante in 'n vroeër groeifase besmet. Daarom is die gradering vir stronkboorderweerstand laer vir die vensterperiode as vir die eerste generasie.

Dit is belangrik om lande vir alle plae noukeurig te monitor om te bepaal of behandeling met 'n plaagbeheermetode nodig is. Verkenningstegnieke en remediërende plaagbeheerbehandelings moet die feit aanspreek dat larwes moet uitbroei en voed voordat ingeboude plantbeskermingstegnologie 'n effek op die plae het. Verkenning moet gereeld uitgevoer word, veral na periodes van swaar of volgehoue eierlegging (veral tydens blom), om te bepaal of larwes wat oorleef betekenisvol is in 'n spesifieke land. Sodra daar onverwagte skade waargeneem is, raadpleeg dan jou Pioneer-landboukundige.

**INSEKWEERSTANDBESTUUR (IWB)**

**Wat is IWB?**

'n Insekdoderweerstandsbestuur (IWB)-program is 'n noodsaaklike deel van goeie rentmeesterskap. Die doel van 'n IWB-program is om die waarskynlikheid te verminder dat teikeninsekte verhoogde verdraagsaamheid teenoor die insekdodende Bt-proteïene ontwikkel, om sodoende die langlewendheid en doeltreffendheid van hierdie waardevolle eienskappe op 'n omgewingsbewuste manier te vergroot. Volhoubare bewaring van hierdie tegnologie plaas individuele verantwoordelikheid op almal in die saadverspreidingstelsel, van die saadverskaffer tot die produsent wat die saad plant. Daarbenewens is IWB 'n wetlike verpligting vir almal soos uiteengesit in die kommersiële permit wat deur die Suid-Afrikaanse regering vir alle Bt-mielieprodukte toegestaan is.

**DIE BELANGRIKHEID VAN INSEKWEERSTANDBESTUUR (IWB)**

Voldoening aan IWB-vereistes is 'n verpligting wat spruit uit produkrentmeesterskap doelstellings, en is krities om die langdurige gebruik en effektiwiteit van mielies met Biotegnologie Eienskappe te onderhou. Indien slegs mielies met biotegnologie insekbeskerming tegnologie verbou word, mag seldsame insekte wat weerstand het en oorleef, met ander weerstandige insekte paar en op dié wyse die weerstand aan hulle nageslag oordra. Om die ontwikkeling van insekweerstandige populasies tot mielies met biotegnologie insekbeskerming tegnologie te verhoed, word daar vereis dat produsente wat Pioneer® handelsmerk mielies met die tegnologie plant, ook 'n aparte "toevlugsarea" met Pioneer® handelsmerk basters sónder die tegnologie plant.

**Wat is 'n toevlugsarea?**

'n Toevlugsarea is 'n blok of strook mielies wat nie die tegnologie bevat nie. Die primêre doel van dié toevlugsarea is om 'n stronkboorderpopulasie te onderhou wat vir die biotegnologie insekbeskerming tegnologieë vatbaar is. Potensiële weerstandbiedende insekte wat vanuit lande met die biotegnologie insekbeskerming tegnologie te voorskyn kom, kan paar met vatbare stronkboordermotte wat in die toevlugsarea teenwoordig is. Gevolglik sal hul nageslag steeds vir die biotegnologie insekbeskerming tegnologieë vatbaar wees. Verwys asseblief na Figuur 2 verder aan in die dokument.

**TOEVLUGSAREABESTUUR VIR PIONEER® HANDELSMERK MIELIEBASTERS MET BT INSEKBESKERMING TEGNOLOGIE**

Tabel 2: Die aanplanting van 'n toevlugsarea is 'n vereiste vir wanneer tegnologie geplant word en is 'n primêre komponent van IWB. Daar is twee aanvaarbare toevlugsopsies:


| PRODUK | TOEVLUGVEREISTES | INSEKBESKERMING |
|---|---|---|
| Bt-tegnologie<br>YieldGard® Maize 2 tegnologie (MON89034)<br>Intrasect® insekbeskermingstegnologie<br>PowerCore™-tegnologie | ✓ 95% Biotegnologie insekbeskermingstegnologie met 'n gepaardgaande 5% toevlug – met hierdie opsie word geen chemiese beheer vir geteikende insekte op die toevlughektare toegelaat nie<br>**of**<br>✓ 80% Biotegnologie insekbeskermingstegnologie met 'n gepaardgaande 20% toevlug – met hierdie opsie word chemiese beheer van geteikende insekte op toevlughektare toegelaat indien ekonomiese drempels bereik word. | *Busseola fusca* (mieliestamruspe) en *Chilo partellus* (chilo-boorder). |

- Mielie-toevlugsopsies sluit in (i) basters sonder die stronkboorder-Bt-tegnologie, (ii) basters met Roundup Ready® Maize 2-tegnologie, en (iii) konvensionele mielies
- Pioneer® handelsmerk mielies met Bt insekbeskermingtegnologie, en toevlugsbasters moet van dieselfde groeilengte wees
- Die toevlugsarea moet binne sewe (7) dae onder dieselfde groeitoestande as die baster met Bt insekbeskerming tegnologie geplant word. Byvoorbeeld, indien die baster met enige Bt insekbeskermingstegnologie onder besproeiing geplant word, moet die toevlugsarea ook onder besproeiing wees
- Die toevlugsarea moet nader as **400 meter** vanaf die verste punt van die land af wees wat Pioneer® handelsmerk mielies, met enige van die Bt insekbeskerming tegnologieë, bevat (soos gewys op Figuur 2)
- **'n Buurman se lande kwalifiseer NIE as toevlugsarea NIE**
- Vermenging van saad met Bt insekbeskerming tegnologie met saad sonder die stamboorder eienskappe, is NIE 'n aanvaarbare alternatief vir 'n toevlugsarea nie
- Planterbakke moet deeglik skoongemaak word voordat saad van 'n baster met Bt insekbeskerming tegnologie met die van 'n baster sonder die tegnologie vervang word, en andersom
- Vermy opslagplante van basters met Bt insekbeskerming tegnologie in die toevlugsarea
- Monitor en verken lande gereeld:

✓ Monitering van Bt-velde vir insekweerstandsontwikkeling is 'n integrale deel van 'n IWB-plan. Indien weerstandbiedende bevolkings vroeg opgespoor word, kan alternatiewe beheermaatreëls vinnig geïmplementeer word om die bevolking te verminder en die verspreiding van weerstand te stuit.
✓ Rapporteer onmiddellik aan die gemagtigde Pioneer-verteenwoordiger indien onverwagte skade met biotegnologie-insekbeskermingstegnologieë waargeneem word
✓ Dien slegs geregistreerde produkte toe wanneer dit aangeraai word




**VOORBEELDE VAN TOEVLUGSAREA-KEUSES:**
(TOEVLUGSTRATEGIEË IS VAN TOEPASSING OP BEIDE DIE 80/20 EN 95/5 KEUSES)




*Figuur 2: Struktuur van toevlugsaanplanting wat in Suid-Afrika toegelaat word*

## BESTE PRAKTYKE VIR DIE VOLG VAN GEÏNTEGREERDE PLAAGBESTUUR ("IPM")

Geïntegreerde Plaagbestuur (IPM), bied die geleentheid aan 'n produsent om te spesifiseer hoe om onkruide, insekte en siektes in die veld te bestuur. IPM integreer verantwoordelike gebruik van eienskappe, gewasbeskermingsprodukte en kulturele bestuurspraktyke om:

- Voorkom die opbou van plae deur met 'n skoon veld en roterende gewasse en eienskappe te begin.
- Gebruik saadprodukte, planttegnologie en saailinghoeveelhede wat geskik is vir 'n gegewe gewas in 'n bepaalde geografiese gebied.
- Monitering: Monitor vir plaagbevolkings gedurende die groeiseisoen om te bepaal of behandeling nodig is en dat dit betyds gedoen moet word.
- Tree in wanneer nodig, deur 'n kombinasie van benaderings te gebruik om die plaagpopulasie te bestuur.
- Gebruik toepaslike volwaardige produkte en oesskedules, en vernietig oesreste stiptelik.
- Minimaliseer oorwintering van plae deur grondbestuurspraktyke.
- Gebruik wisselbou, insluitend produkte met verskillende eienskappe, om die aanvang van weerstand te vertraag.
- Gebruik verskeie maniere om gewasbeskermingsprodukte te gebruik in 'n seisoen om die waarskynlikheid van plaagweerstandsontwikkeling te verminder.

Die waarde van enige biotegniese eienskap of insekdoderspuitprogram kan verhoog word indien dit binne die konteks van 'n IPM (Geïntegreerde Plaagbestuur)-program gebruik word.

Pioneer beveel aan om die volgende beste praktyke te implementeer om die waarde van die Bt-tegnologie te maksimeer:

- Gereelde verkenning van die gewas om te kyk vir onverwagte skade wat deur *Busseola fusca* of *Chilo partellus* in die veld veroorsaak is
- Rapporteer onmiddellik aan die gemagtigde Pioneer-verteenwoordiger indien onverwagte skade waargeneem word
- Waar dit prakties moontlik is, is vroeë afbrand van onkruid, bewerking, plantdatum-aanpassing en wisselbou alles deel van 'n IPM-program wat kan help om gewasskade deur insekplae te verminder

## INSEKDOELTREFFENDHEID

